


Diere van die Bybel

1. Slang:

Vraag: Ons lees van 'n baie gevaarlike slang in die Bybel. Wie weet waar, en wat het die slang gedoen?

Antwoord: Adam en Eva in die Tuin van Eden - hy het Eva verlei om van die boom se vrugte te eet wat God gesê het hulle nie van mag eet nie.



2. Donkie:

Vraag: Ons lees van twee belangrike donkies in die Bybel. Wie weet wat hulle gedoen het?

Antwoord: Jesus het op 'n donkie in Jerusalem ingery. Daar is 'n donkie in die Bybel wat gepraat het, hy het sy baas gewaarsku dat daar 'n engel voor hom gestaan het met 'n swaard, en dat die engel hom wou doodmaak. Die man se naam was Beliam.



3. Mier

Vraag: Miere is klein diertjies, maar hulle is baie besig en werk baie hard. Het julle geweet dat daar 'n deel in die Bybel is wat oor die klein miertjie praat?

Antwoord: Die deel vertel vir ons hoe fluks miere is, en hoe hard hulle werk, en as ons lui is, dan moet ons by hulle gaan leer hoe om fluks te wees, en hard te werk.



4. Haan

Vraag: Ons lees in die Bybel van 'n haan, wat Jesus gesê het vir Petrus gaan onthou van iets baie slegs wat hy gaan doen. Wie van julle weet wat het Petrus gedoen, en wat het die haan toe gedoen?

Antwoord: Petrus het vir Jesus verloën - dit beteken dat hy vir mense gesê het dat hy Jesus nie ken nie, terwyl hy Jesus geken het. Jesus het vir hom gesê dat voordat die haan kraai, Petrus vir drie mense sou sê dat hy Jesus nie ken nie. As die haan kraan, sal Petrus onthou dat Jesus gesê het dit gaan gebeur.



5. Vis

Vraag: Ons lees in die Bybel van 'n baie groot vis wat iemand ingesluk het. Wie was die man wat deur die groot vis ingesluk is, en hoekom het die vis hom ingesluk?

Antwoord: Jona - hy het nie na God geluister nie, maar weggehardloop van dit wat God wou hê hy moes doen, toe het God 'n groot vis gestuur om hom in te sluk. Hierna het hy gedoen wat God gesê het hy moet doen.

